R.M. MANYANE EN A.J. MADISA: LEARNING TO WRITE, THE NEW HISTORY. ACE HISTORY SERIES STD 3 AND 4. LEADi. HANS KIRSTEN PUBLISHERS, PRETORIA, 1991

Hierdie is twee teksboeke vir die onderrig van Geskiedenis in die laerskool, spesifiek vir Bophuthatswana en vir die Batswana. Die standerd drie boekie behandel eers plaaslike geskiedenis met besondere klem op die skool en die dorp se geskiedenis. Daarna, onder die vreemde opskrif Algemene Geskiedenis, word 'n aantal "heldefigure" uit die geskiedenis van die Batswana behandel en 'n baie kort hoofstuk word gewy aan Jan van Riebeeck en die vroeë geskiedenis van die Kaap.

Die standerd vier boeke het 'n tweeledige indeling: Afrika Geskiedenis en Algemene Geskiedenis. Die eerste vier hoofstuke van die Afrika Geskiedenis is eintlik die geskiedenis van die Batswana terwyl hoofstuk 5 oor slawerny handel. Dit doen vreemd voor dat die eerste vier hoofstukke nie ook, soos in die standerd drie boekie, eerder as plaaslike geskiedenis aangebied is nie. Hoewel Tsjaka en die Basoetoe ook behandel word, word hulle geskiedenis relatief tot dié van die Batswana aangebied. Die Algemene Geskiedenis gedeelte bestaan uit twee losstaande hoofstukke. Die een hoofstuk handel oor die demokrasie en die ander hoofstuk oor die Mesopotamiërs, Antieke Rome en Antieke Indië.

Die titel Learning to write the New History is baie misleidend. Wat New is in die benadering bly

ontwykend. Die feit dat dit deur swart skrywers vir swart skole oor hoofsaaklik swart geskiedenis geskryf is, is noodsaaklik. Dit behoort so. Dat met die plaaslike geskiedenis wat naaste aan die leerlinge se eie leefwêreld staan, begin word, is reg en goed. Hoe die leerlinge egter hieruit leer om "nuwe" geskiedenis te skryf, bly 'n raaisel. Die boekies bied aan hulle 'n manier om geskiedenis te leer. Dit maak nie van hulle skrywers nie en dit bevat niks wat as besonder nuut beskryf kan word nie. Dit is goeie handboekies gebaseer op beproefde onderrigbeginsels en dit plaas die swartman se rol in sy eie geskiedenis in die middelpunt.